WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT

TARIEFBELEID

Council Resolution 03/09/25/6.3.1

INHOUDSOPGAWE

AANHEF

1. WOORDOMSKRYWINGS

2. TARIEF BEGINSELS

3. KATEGORIEË VAN GEBRUIKERS

4. UITGAWE KLASSIFIKASIE EN KOSTE ELEMENTE

- **4.1 Handels dienste**
- **4.2 Ekonomiese dienste**
- **4.3 Gemeenskaps dienste**
- **4.4 Gesubsieerde dienste**
- **4.5 Uitgawe klassifikasie**
- **4.6 Koste elemente**

5. SOORTE TARIEWE

6. EENHEDE VAN METING

7. IMPLEMENTERING EN INFASERING

8. KORT TITEL

DIE TARIEFBELEID
WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT

A A N H E F

Aangesien artikel 74 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels 2000 (Wet 32 van 2000) van ‘n munisipale raad vereis om ‘n tariefbeleid aan te neem oor die hef van gelde vir munisipale dienste;

En aangesien die tariefbeleid minstens die beginsels vervat in artikel 74(2) moet weergee;

En aangesien die tariefbeleid mag onderskei tussen verskillende kategorieë van gebruikers, debiteure, diensverskaffers, diensstandarde en geografiese gebiede solank sodanige onderskeid nie neerkom op onbillike diskriminasie nie;

En aangesien binne die distrikbestuursgebied die distriksmunisipaliteit al die die munisipale funksies en bevoegdhede ingevolge artikel 89 van die Munisipale Strukture Wet het;

Nou derhalwe aanvaar die Munisipale Raad van die Weskus Distrik Munisipaliteit die volgende tariefbeleid:

1. WOORDOMSKRYWINGS

(i) *Handelsdienste*: Is dienste wat die Raad klassifiseer as handels dienste en die tariewe is daargestel met die bedoeling dat die Raad ‘n wins moet maak op die verskaffing van hierdie dienste.

(ii) *Ekonomiese dienste*: Is dienste wat die Raad as sulks geklassifiseer het en die tariewe is saamgestel met die bedoeling dat die totale koste van die diens nie van gebruiker verhaal word nie.

(iii) *Gemeenskapsdienste*: Is dienste wat die raad as sulks geklassifiseer het en tariewe wat saamgestel is met die bedoeling dat die koste van die dienste nie verhaal kan word deur tariewe nie maar in die aard is van beheer en kontrole uitoefening.

(iv) *Vaste koste*: Is koste wat nie wissel as gevolg van gebruik of volume geproduseer nie.

(v) *Veranderlike koste:* Is koste wat verander met gebruik of volume geproduseer.

(vi) *Totale koste:* Is die som van alle vaste en wisselende kostes.

(vii) *Vaste tarief:* Is die eenheidstarief wat bereken word deur die totale koste gedeel deur die volume gebruik.

(viii) *Twee komponent tarief*: Is tariewe wat gehef word om die vaste en die wisselende koste afsonderlik te vorder. Die vaste koste word gevorder deur die totale vaste koste te verdeel tussen die aantal verbruikers wat die diens gebruik op dieselfde volume en die wisselende koste word verhaal deur die totale wisselende koste te verdeel deur die volume gebruik.

(ix) *Eenhede verbruik:* Is die aantal eenhede verbruik van ‘n besonderse diens en gemeet ingevolge die eenhede of meet standaarde vermeld in paragraaf 6.

2. TARIEF BEGINSELS

2.1 Gebruikers van munisipale dienste moet billik behandel word. Die verskillende kategorieë van verbruikers moet billike tariewe betaal gebaseer op dieselfde koste struktuur.

2.2 Die bedrag wat gebruikers betaal moet in verhouding wees met hul gebruik van daardie dienste.

2.3 Arm huishoudings moet minstens tot basiese dienste toegang hê deur lewenslyn tariewe of direkte subsidies soos voorsien in die Geintegreerde Ontwikkelings Plan (GOP).

2.4 Eenheids tariewe is lewenslyn tariewe. Tariewe moet die totale koste van die diens weerspieël.

2.5 Tariewe moet vasgestel word teen vlakke wat die finansiële volhoubaarheid van die diens ondersteun.

Volhoubaarheid kan slegs bereik word indien:

1) Kontant invloei die kontant uitvloei dek. Dit beteken dat voldoende voorsiening gemaak moet word vir werkende kapitaal en ook dat voorsiening vir slegte skuld gemaak moet word.
2) Toegang tot die kapitaalmark moet gehandhaaf word. Dit kan bereik word deur voorsiening te maak vir die terugbetaling van kapitaal en deur voorsiening te maak vir voldoende likiede vlakke en die maak van wins op handelsdienste.

2.6 Voorsiening moet in gepaste omstandighede gemaak word vir ‘n bo-belasting op ‘n tarief vir ‘n diens. Dit sal nodig wees vir groot onderhouds koste met infrastuktuur en in tydperke van droogte wanneer beperkinge op gebruik noodsaaklik is.

2.7 Doeltreffende en effektiewe gebruik van hulpbronne moet aangemoedig word. Boetes om buitensporige gebruike te beperk sal ingestel word.

2.8 Die mate van subsidiering van tariewe vir arm huishoudings moet volledig openbaar gemaak word. Dit kan bereik word deur die publisering van die werklike koste van ‘n diens en die vlak van die subsidie sowel as die bron van die subsidie.

3. KATEGORIEË VAN GEBRUIKERS

Die tarief struktuur van die munisipaliteit kan voorsiening maak vir die volgende kategorieë van gebruikers:

- huishoudelik;
- handel;
- nywerheid;
- landbou;
- landelik;
- munisipale dienste;
- ander spesiale ooreenkomste; en
- geografiese gebiede.

Waar daar ‘n noemenswaaerdige verskil is tussen die standaarde van dienste wat verskaf word binne ‘n spesifieke kategorie kan die munisipaliteit, na oorweging van ‘n verslag van die Munisipale Bestuurder of van die relevante hoof van die departement, gedefrensieërde tariewe vasstel binne die spesifieke kategorie.

4. UITGAWE KLASSIFIKASIE EN KOSTE ELEMENTE

Die Hoof Finansiële Beampte sal, onderworpe aan die riglyne van die Department van Finansies en die Uitvoerende Komitee van die Raad, voorsiening maak vir die volgende klassifikasie van dienste:

4.1 Handelsdienste

(i) Water.
(ii) Elektrisiteit.

4.2 Ekonomiese dienste

(i) Vulles verwydering
(ii) Riool afvoer

4.3 Gemeenskapsdienste

(i) Lugbesoedeling
(ii) Kinder oppas fasiliteite
(iii) Brandweerdienste
(iv) Plaaslike toerisme
(v) Munisipale beplanning
(vi) Munispale openbare werke, in verband met die behoeftes wat die munisipaliteit uitoefen in sy verantwoordelikhede om funksies te administreer wat aan die munisipaliteit opgedra is ingevolge die grondwet of enige ander wet.
(vii) Vloedwaterbestuurstelsels in beboude gebiede.
(viii) Handelsregulasies

(ix) Reklameborde en die vertoon van advertensies op openbare plekke.
(x) Begraafplase
(xi) Beheer oor openbare steurnisse.
(xii) Beheer van ondernemings wat drank aan die publiek verkoop.
(xiii) Fasaliteite vir die akkomodasie, omsien na en begrawing van diere.
(xiv) Omheinings en heinings
(xv) Lisensieëring van honde.
(xvi) Lisensieëring en beheer van ondernemings wat voedsel aan die publiek verkoop.
(xvii) Plaaslike faseliteite.
(xviii) Plaaslike sportgeriewe.
(xix) Munisipale parke en ontspanning.
(xx) Munisipale paaie.
(xxi) Geraasbesoedeling.
(xxii) Skutte.
(xxiii) Openbare plekke.
(xxiv) Straathandel / Straatbeligting.
(xxv) Verkeer en parkering.
(xxvi) Bouregulasies

4.4 Gesubsieerde dienste

(i) Gesondheiddienste en ambulansdienste
(ii) Biblioteke en museums

4.5 Uitgawe klassifikasie

Klassifikasie in verskillende uitgawe groepe is as volg:

(i) Salarisse, lone en toelaes;
(ii) Grootmaat aankope;
(iii) Algemene uitgawes;
(iv) Herstelwerk en onderhoud;
(v) Kapitaal uitgawes (rente en delging);
(vi) Bydrae tot vaste bates;
(vii) Bydrae tot fondse:
  (a) Slegte skuld;
  (b) Werkende kapitaal; en
  (c) Statutere fondse.
(viii) Bydrae tot reserwes;
(ix) Bruto uitgawes;
(x) Uitkontraktering;
(xi) Netto uitgawes;
(xii) Inkomste; en
(xiii) Surplus/Tekorte.

4.6 Koste elemente

Die volgende koste elemente sal gebruik word om die tariewe te bereken vir die verskillende dienste:

(i) *Vaste koste* wat bestaan uit die kapitaal koste (rente en delging) op eksterne lenings sowel as interne voorskotte en of wardevermindering wat ookal van toepassing is op die diens of enige ander koste van ‘n permanente aard soos deur die raad van tyd tot tyd bepaal.

(ii) *Veranderlike koste:* Dit sluit in alle veranderlike koste in verband met die lewering van die diens.

(iii) *Totale koste* is gelyk aan die vaste koste plus die veranderlike koste.

5. SOORTE TARIEWE

5.1 In die bepaling van diensteheffings sal die Raad:

(a) uitgawes akkuraat aandui om ekonomiese doeltreffendheid te bewerkstellig;

(b) toesien dat billikheid en redelikheid tussen verskillende soorte gebruikers bestaan;

(c) toepaslike metering en ondersteunde tegnologie aanwend; en

(d) openhartig wees.

5.2 In die vastelling van die toepaslike soort tarief tot die soort diens, sal die Raad gebruik maak van die volgende vier moontlikhede of ‘n kombinasie daarvan:

i) *Enkel tarief*: Hierdie tarief sal bestaan uit ‘n vaste koste per eenheid verbruik. Alle koste sal dus verhaal word deur ‘n eenheidskoste te bereken op die vlak van gelyk breek verbruik.

ii) *Koste verband houdend twee-tot vier komponent tarief*: Hierdie tarief sal bestaan uit twee tot vier komponente. Bestuur, kapitaal, onderhoud en lopende uitgawes sal verhaal word deur bepaalde komponente saam te groepeer soos bestuur, kapitaal en onderhoudkoste mag saam gegroepeer word en verhaal word deur ‘n vaste tarief onafhanklik van verbruik of klasse van verbruikers terwyl veranderlike koste verhaal kan word deur ‘n eenheidstarief per eenheid verbruik

iii) Toenemende blok tarief: Hierdie tarief is gebasseer op verbruiksvlakke wat gekategoriseer word in blokke, die tarief word bepaal en vermeeder soos wat die verbruik vermeerder.

iv) Afnemende blok tarief: Die tarief is die teenoorgestelde van die toenmende blok tarief en neem af soos wat verbruik toeneem.

6. EENHEID VAN METING

6.1 Die volgende meet eenhede sal, waar moontlik, gebruik word om tariewe te bepaal:

6.1.1 Water

(1) Koste per eenheid (kiloliters verbruik)
(2) Basiese koste plus koste per eenheid tarief (kiloliters verbruik)
(3) Waar verbruik nie gemeet kan word nie sal ‘n vaste tarief toepaslik wees.

6.1.2 Elektrisiteit

(1) Maksimum aanvraag plus vaste koste plus kWh verbruik.
(2) Vaste koste plus kWh verbruik.
(3) KWL verbruik.
(4) KWA.

6.1.3 Vullis verwydering

(1) Plastiek sakke per week (volume).
(2) Houers per week (volume).

6.1.4 Rioolering

(1) Persentasie van water verbruik.
(2) Persentasie van water verbruik plus koste vir wegdoening.
(3) Basiese diens gebasseer op die oppervlak van die perseel en vaste koste gekoppel aan die diens.
(4) Addisionele tarief gebasseer op die oppervlak en die wisselende koste van die diens.
(5) Indien die oppervlak van die perseel nie beskikbaar is nie word ‘n vaste koers gebasseer op die gemiddelde verbruik per kategorie van verbruikers aangewend.

6.1.5 Maatskaplike voordele

Om die maatskaplike voordele wat die gemeenskap geniet te bepaal het die Raad goedgekeur dat ondergemelde standaarde van kosteverhaling en diensmeting toegepas word. Hierdie maatreëls sal gebruik word om te verseker dat die diens bekostigbaar is beide vir die Raad en vir huishoudings. Die maatreëls sal gebruik word om vas te stel of die infrastruktuur wat voorsien word doeltreffend aangewend word en om aan te toon of enige van die dienste ingekort moet word.

6.2 Die maatreëls wat aangedui word moet jaarliks bereken word en moet gebruik word as ‘n riglyn om betekenisvolle verslagdoening te verseker. Werklike eenheidskoste moet vergelyk word met begrotingskostes.

FUNKSIE	EENHEID VAN OPBRENGS	KLASSIFIKASIE DEUR RAAD
Lughawe	Aantal landings	Gesubsideer
Kunsgalery en Museum	Aantal bywonings	Gemeenskap
Geboue Afdeling	Aantal planne ingedien Waarde van geboue Munisipale waarde van geboue	Gesubsideer
Karavaanparke	Aantal besprekings Aantal staanplekke	Gesubsideer
Begraafplase	Aantal begrafnisse Aantal grafte	Gesubsideer
Stadsaal en ander sale	Aantal besprekings Area per populasie	Gesubsideer
Skoonmaak, vullisverwydering & wegdoening	Aantal kubieke meters Aantal ton Aantal verwyderings Aantal lewende eenhede Kilometers gereis Koste per m³ verwyder Inkomste per m³ verwyder Koste per kilometer gereis Inkomste per kilometer gereis	Ekonomies
Skoonmaak van strate	Lengte van strate Area van strate	Ekonomies
Hoof Finansiële Beampte	Aantal munisipale personeel Presentasie van totale uitgawes	Gemeenskap
Raad: Algemeen	Populasie Persentasie van totale uitgawes	Gemeenskap
Eiendomme	Aantal eiendomme	Ekonomies
Eiendomme vir toekomstige uitbreiding	Area Aantal eiendomme	Gemeenskap
Skenkings	Persentasie van tarief inkomste	Gemeenskap
Gesondheid - Klinieke - Ander	Aantal bygewoon	Gemeenskap
Biblioteke	Aantal van uitreiking Aantal lede Aantal boeke in voorraad	Gemeenskap
Lisensieëring	Aantal lisensies	Gesubsideer
Organisasie en metodes	Aantal munisipale personeel Persentasie omset tarief	Gemeenskap
Parke & Ontspanning	Area van ontwikkelde parke Aantal lewende eenhede	Gemeenskap
Personeel administrasie (Menslike Hulpbronne)	Aantal munisipale personeel Aantal afsprake Persentasie omset tarief	Gemeenskap
Ingenieurswese	Bevolking Persentasie van munisipale uitgawes	Gemeenskap
Spoorweg sylyne	van gebruikers Aantal gebruikers	Gesubsideer

Pad en SWA (insluit voetpad)	Lengte van paaie Area van paaie	Gemeenskap
Sekuriteit en Rampbestuur	Aantal installasies Area gedek	Gemeenskap
Riolering Netwerk (Wegdoening van afvalwater)	Aantal aansluitings Area gediens Lengte van Riolering gesuiwer Koste per mega liter gesuiwer	Ekonomies
Swembaddens	Aantal bywoning	Gesubsideer
Store	Aantal uitreikings Aantal items voorrade gehou Waarde van uitreiking Waarde van voorraad Aantal direkte aankope Gemiddelde persentasie van omset voorraad per jaar	Ekonomies (
Munisipale Bestuurder	Aantal munisipale personeel Persentasie van munisipale uitgawes	Gemeenskap
Stadsbeplanning	Aantal eiendomme in area van jurisdiksie	Gemeenskap
Verkeer	Lengte van paaie Aantal geregistreede voertuie Aantal dienste uitgereik Koste vir dienste Herstel van dienste	Gemeenskap
Munisipale Tesourier	Aantal munisipale personeel Persentasie van munisipale uitgawes	Gemeenskap
Waardasies	Aantal eiendomme Persentasie van munisipale waarderings	Gemeenskap
Behuising (Verkope en verhuring skemas)	Aantal wonings	Ekonomies
Elektrisiteit	Aantal eenhede aangekoop Aantal eenhede verkoop Persentasie verlies in distribusie Aankoop koste per eenheid Koste per eenheid verkoop Inkomste per eenheid Aantal aansluitings Koste per aansluiting Lengte van hooftoevoerpype	Handel
Straat beligting	Aantal strate beligting	Handel
Parkering	Aantal parkeerplekke	Handel
Watervoorsiening	Aantal eenhede aangekoop Aantal eenhede verkoop Persentasie verlies in distribusie Aankoop koste per eenheid Koste per eenheid verkoop Inkomste per eenheid Aantal aansluitings Koste per aansluiting Inkomste per aansluiting	Gemeenskap

	Lengte van hoof toevoerpype Kiloliters gesuiwer Koste per kiloliter gesuiwer	
Bemarking	Aantal nywerheids eiendomme Aantal nywerhede	Gemeenskap
Brandweer	Aantal uitroepe Aantal eiendomme Koste per uitroep Bevolking Koste per kop	Gesubsideer

7. IMPLEMENTERING EN INFASERING VAN BELEID

7.1 Die beginsels vervat in hierdie beleid sal neerslag vind in begrotings voorstelle en die onderskeie diensverordeninge van die Raad soos van tyd tot tyd aangepas en na verwys in artikel 75 van die Stelsels Wet om gevolg te gee aan die implementering en toepassing van die tarief beleid.

7.2 Hierdie beleid sal ingefasseer word oor ‘n tydperk van twee finansiële jare na die 2003/2004 finansiële jaar.

8. KORT TITEL

Hierdie beleid heet die Tariefbeleid van die Weskus Distriksmunisipaliteit.